# Geseënd is die wat aan die eerste opstanding deel het.

**Donderdag 29 September 2022**

**Bronne:** Du Plessis, A. 1986. Oor die dood uit die Woord. 55v
Du Rand J. 2009 Die Bybellinium. Red FJ van Rensburg en M. Nel. p.216/7
Hendrisen, W. 1986. Meer as oorwinnaars. 162v
Koen, G. 1996. Brood op die Water.
Hoeksema, H. 1969. Behold he Cometh! 612-623

**Lees:** **Open 20:6** "Geseënd en heilig is dié wat aan die eerste opstanding deel het. Oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom die duisend jaar lank regeer."

**Daar is sewe seënspreke net in die boek Openbaring alleen.**

| | |
|---|---|
| 1:3 | Geseënd is die een wat die woorde van hierdie profesie lees. |
| 14:13 | Geseënd is dié wat van nou af in die Here sterwe |
| 16:15 | Geseënd is die een wat wakker bly en sy klere reghou |
| 19:9 | Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is. |
| **20:6** | **Geseënd is die wat aan die eerste opstanding deel het** |
| 22:7 | Geseënd is elkeen wat die woorde van hierdie profetiese boek ter harte neem. |
| 22:14 | Geseënd is die wat hulle klere was |

Oor die verklaring van Openbaring 20:1-6 is daar al baie geskryf en baie teorië ontwikkel. Ek glo ook hierdie gedeelte in Openbaring kan ons nie letterlik verstaan nie, omdat die grootste deel van die boek Openbaring apokalipties en verborge is. Hier word van simboliese taal gebruik gemaak en die enigste manier om dit te verklaar is soos altyd, Skrif met Skrif vergelyking.

**Wyle Prof Jan du Rand het die volgende oor die gedeelte gesê**, waarmee ek volkome mee saamstem: *"In die lig van die geheelboodskap van die Openbaringsboek en die van die Nuwe Testament as geheel, kan dit geïnterpreteer word, dat die simboliese fase van duisend jaar strek van Christus se eerste koms tot sy terugkeer, maw die Wederkoms. Deur sy sterwe en opstanding het Hy Satan oorwin (gebind). Die klein rukkie wat Satan weer losgelaat word, dui op die intensiteit van Satan se venynige aktiwiteite hoe nader die einde, die wederkoms, kom.* ***Die duisend jaar moet dus nie chronologies of letterlik verstaan word nie.****"* *(Du Rand.2009:2166)*

**Wat is die eerste opstanding?** Natuurlik het Jesus Christus eerste opgestaan uit die dood. Letterlik liggaamlik het Hy opgestaan na drie dae en nog veertig dae lank op aarde gewandel voordat Hy opgevaar het na die hemel. Maar met die wederkoms sal grafte oopgaan en sal die letterlike opstanding plaasvind. Dan sal siel en liggaam herenig en die christene, God se kinders en uitverkorenes hemel toe gaan en die ander na die ewige doderyk die hel.

As ons Skrifgedeelte nou lui:

**"Geseënd en heilig is dié wat aan die eerste opstanding deel het."**

**Ek glo dit is die christene wat reeds oorlede is**. Want onmiddellik met jou dood op aarde, gaan jy na die hemel waar jy jou oë oopmaak en by die Hemelse Vader is vir ewig. Jy het dus reeds uit die dood opgestaan. Diegene wat geestelik in Christus gesterf en opgestaan het tot die lewe, Christus het met sy dood en opstanding en hemelvaart die Satan klaar oorwin op aarde. Die Satan en sy engele is uit die hemel uitgegooi. Die **"heiliges"** is diegene wat reeds volkome

heilig, afgesonder, in die hemel is en die dood het nie meer mag oor hulle nie of hou ‘n bedreiging vir hulle in nie.

Elkeen wat in Jesus Christus glo en Hom bely en uit dankbaarheid Hom van harte dien…

- Is kinders van God.
- Is erfgename van die hemelse koninkryk.
- Is **geseënd en heilig OMDAT hulle weet dat hulle die ewige lewe sal beërf.**

**Kom ons bid saam**

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595:*** **gskruger1@gmail.com**